Diensnuus

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

Wysheid op ons gemeenteverjaardag

Van hulle doop af is die jeug volwaardige lidmate van die kerk, wat begelei word om later, wanneer hulle meer selfstandig is by Belydenisaflegging, self die verantwoordelikheid vir die deelwees van die gemeente op te neem.

‘’n Mens wonder soms hoeveel kindertjies het al met aandag die dominee se illustrasie tydens ‘’n kinderdiens gevolg, of ywerig hulle hand opgesteek om ‘’n vragie te antwoord.

Hoeveel het met die jare in die loop van die opgestaan, vorentoe geloop en hulle dankoffer koevertjie in die dankofferkis kom gooi? Teen die einde van die 1980s het een van die dominees elke Sondag ‘’n kinderdiensie vir die heel kleintjies tydens die erediens in die Sentrum gehou. Daarna het hulle kategese gehad tydens die res van die erediens.

Sondag 26/5

GEMEENTEVERJAARSDAG

09:30 Erediens/Doop/Kategese

Deuroffer: Bybelgenootskap

Diensbeurt: Krige

Sondag 2/6

BIDDAG VIR EKOLOGIE

DANKOFFERSONDAG

09:30 Erediens/Kategese

Deuroffer: Rotariër huis

Diensbeurt: Meulstraat

Sondag 9/6

NASIONALE BIDDAG VIR BLINDES

VADERSDAG VIERINGS

09:30 Erediens/Kategese afsluiting

Deuroffer: Inst.vir Blindes

Diensbeurt: Sentrale

IEC
SOUTH AFRICA

Bid asseblief saam vir die verkiesing wat 29 Mei plaasvind.

Ek wil vandag in geloof bid oor Suid-Afrika. Ek bid vir ‘’n land waar U sal regeer en waar leiers sal opstaan teen die werk van die vyand en die waarheid sal spreek en leef! Amen.

Op aandrag van die kategete is hierdie reëling vroeg in die 1990s verander. Die kleintjies het eintlik nooit in die kerk self gekom nie, nooit langs hul ouers gesit nie en geleentheid gehad om die groter kinders as voorbeeld te hê nie.

Die terugbring van die kleiner kinders het ‘’n baie groot verbetering vir almal betreffende die belewing van die eredienste gehad. Ons het weer soos ‘’n groot familie begin voel en dit ook so uitgebou. Toe die Sinode aanbeveel het dat kinders ook Nagmaal mag gebruik ter versterking van hulle geloof, het ons dit ook begin doen. Ons verwag van die ouers om self te oordeel of hulle kinders daarvoor gereed is en dan ‘’n gesprek met hulle daaroor te hê. As teken van hulle verantwoordelikheid moet die ouers dan self die brood en wyn neem en aan hulle kinders oorhandig.

In 2004 het van die mammas na vore gekom om die eredienste vir die kleiner kinders uit te bou. Na die sing van die lofsange word hulle uitgenooi na die kleuterkerk in die kerkkantoor of die kleinsaaltjie sodat die Bybel daar op hulle vlak aangebeid kan word.

(Uitreksel uit Die saaier het kom saai Ned. Geref.KERK CALEDON 1811-2001)

Ons as gemeente is vir 213 jaar steeds besig om geleenthede te skep waar ons Jesus se liefde as oud, jonk, groot en klein kan beleef. Dankie dat ons saam kan feesvier in God se genade.

Geagte lidmate

Ondersoek na moontlike eenwording

Ons is dankbaar vir die goeie gees waarin die sensitiewe pad tot op hede gestap word. Ons wil graag vra dat lidmate hul gevoelens en sienings kom deel by 10 en 11 Junie se gespreksgeleenthede soos hieronder beskryf.
Die vergadering se fokus bly steeds om na God se stem te luister oor ons diens in Caledon.

Die volgende stappe in die proses:

- Op 10 en 11 Junie 2024 sal daar geleenthede wees vir lidmate om die moontlike eenwording te bespreek, een geleentheid sal by Wes en een geleentheid sal by Moedergemeente gehou word. Wyke kan saam kom gesels en veral dink oor hoe ons diens aan God kan lyk in die toekoms. Onsekerhede kan ook hier bespreek word oor sake soos geboue, personeel en ander moontlike vrae. (Verkoop van geboue is nie op die tafel nie en geboue word in die toekoms onder beheer van die saamgestelde Kerkraad geplaas soos dit tans ook onder die beheer van die twee kerkrade is). Ons soek saam na oplossings.
- Tydens die Kerkraadsvergaderinge, wat op 13 Junie 2024 plaasvind, sal daar by beide gemeentes gestem word of die eenwordingsproses gaan plaasvind.
- Na die uitslag van die stemming sal die volgende stappe gegee word.

Alle inligting is deurlopend beskikbaar op albei gemeentes se kommunikasie kanale asook op navraag.

Preeknotas 2Kon.5:1-17

* Bob Goff storie; met of sonder `n Jeep
* Ontvang is vir ons moeilik, daarom sê Jesus jy moet verander en soos `n kind word.
* Naäman kan self alles vermag… genade is te maklik, en tog te moeilik
* Hoogmoed is eintlik maar die wortel van die kwaad. Afhanklikheid lei na nederigheid.
* Wanneer jy nederig is kan God jou help.
* Mat 5:3 "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

Naam	Van	Verjaardag	Selfoon
Marnè	Uys	05/24	
Margaret	Kleinschmidt	05/25	27829237538
Rian	Swart	05/25	27836577085
Viny	Coetzee	05/26	27715067655
Janse	Norval	05/27	27833803918
Amja	Hugo	05/28	27826265829
Zanè	Von Willigh	05/28	27731744906
Jac	Engelbrecht	05/29	
Nancy	Groenewald	05/29	
Chantel	Bornmann	05/30	27836113356
Hanel	De Wet	05/30	27832342828
Herman	Franken	05/30	27833054438
Stephnie	Malherbe	05/30	27798841662
Reneé	Mönnig	05/30	27835590650
Nicolaas	Wessels	05/30	
Victor	Engelke	05/31	27836127848
Surina	Jordaan	05/31	27823399973
Frikkie	Smit	05/31	27827079856
Nina	Theron	05/31	27833738830
McKayla	Wessels	05/31	
Drina	Fourie	06/01	
Dewald	Du Toit	06/02	27834410178
Dian	Kriel	06/02	27833960193
Chris	Vermeulen	06/02	27725323184

Kontak Cheryl-Ann Pheiffer vir verdere navrae: 0823880042

R100 vir volwassens en R50 vir kinders

Voorbiddings

Riëtte Steyn (De Kuil)

Karin de Kock (Meulstraat)

Poenie de Kock se kleinseun (Solitaire)

Elma Groenwald (Sentraal)

Ons bid saam oor die proses van moontlike eenwording met Wes-Gemeente.

So hou ons kontak!

Kerkkantoor: 028 212 1202
ngkcaledon@twk.co.za

Kantoor Whatsapp-nommer:
072 807 3192

Ds. Dewald du Toit:
028 212 1332 |082 940 4901
dutoitdewald@yahoo.com

Ds. Willem Lubbe:
082 718 7298
willemlubbe@hotmail.com

Webblad: ngcaledon.co.za

Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente

Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,
NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229
Takkode: 183509

Snap here to pay

SnapScan